Ekonoom die brein agter Laurika se treffers

Phillippa Breytenbach

VAN die ekonomie kan min mense prof Christopher Torr van Unisa iets vertel — en deesdae onderskei hy hom nog boonop as skrywer van Afrikaanse trefferliedjies!

Die aantreklike en pittige prof Torr is nie aan alle musiekliefhebbers bekend nie — en bitter min van Laurika Rauch se bewonderaars weet dat die nimlike Chris Torr, wat al tevore vir haar lirieke en musiek (sommer so uit sy eie) geskryf het, dié gewilde sangeres se man is.

Dit was *Bloubergstrand*, die liedjie wat soveel byval by oud en jonk gevind het, wat Chris as 'n besonderse liriekskrywer en komponis uitgesonder het.

En nou het Chris dit weer gedoen. Laurika sê sy karring hogenaamd nie aan hom nie. Hy skryf sommer so uit sy eie . . . doen sy ding en, siedaar, hy kom met sulke fantastiese nommers soos haar jongste treffer, *Stuur Groete aan Mannetjies Roux*, vorendag.

Ja, dié liedjie het te doen met die rugbyspeler Mannetjies Roux. Trouens, die video wat van die liedjie gemaak is, is juis op sy plaas gemaak. Maar dis hoegenaamd nie 'n ode aan Mannetjie nie.

Dis 'n hartseerliedjie van 'n tiener wat die treurige verhaal van droogte, skuld, en 'n gesukkel op die plaas van haar oom vertel. Die enigste keer wanneer haar oom opflikker is wanneer hy oor sy rugbyheld, Mannetjies Roux, praat . . . en dis taamlik dikwels by 'n koppie koffie.

Laurika sê die liedjie is sommer 'n verbeeldingsvlug van Chris, maar erken darem dat Mannetjies in haar rugby(kyk)-dae en ook dié van Chris, hul held was.

Soveel vertroue het Laurika se platemaatskappy, Select-Musiek, in die nuwe plaat van Laurika, dat hulle ook 'n laserskyf daarvan in Duitsland laat maak het. Dit sal binnekort hier uitgereik word.

Op die nuwe langspeler, *Laurika Rauch — Stuur Groete aan Mannetjies Roux*, is daar ook 'n opname van *Kyk Hoe Glinster die Maan*, waarvan die liriek deur Christopher Torr geskryf is. Die musiek is deur Udo Jürgens.

Dit vertel van die mite dat Kersvader nie eintlik net in 'n slee reis nie . . . hy kom ook soms uit 'n mielieland.

Laurika self het die liedjie *Begin Somer* getoonset — 'n speelse, lawwe liedjie, wat haar bewonderaars gaan aangryp.

Al tien die liedjies op die nuwe langspeler gaan stellig meebring dat Laurika, nes haar vorige langspeler *Encore*, weer 'n goue plaat kry.

Vorentoe vanjaar is daar verskeie verhoogoptredes en televisieverskynings op Laurika se program.